# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

23 April 2023



www.gkcachet.org.za

## Afrikaanse Eredienste

Sondae om 09:00 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op

NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

## English Worship Service

Sundays at 11:00

In the Church House on the

NWU Campus, 28 Hoffman Street

## Kerkkantoor

Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;

079 4949 7360

## Predikante

Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374;

brahmrobinson@gmail.com

Ds. Noah Kim – 082 593 6428;

solaprochristo@hotmail.com

## Kontakpersone & Inligting

**Hulppredikante:**
Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**
Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

**Koster en PowerPoints:**
Schalk Buys – 063 679 7071
schalkbuys7@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**
Pieter Deysel –
079 695 0027

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

**Preekopnames:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

# Oggenddiens

## Ds. Brahm Robinson

**Skriflesing: Johannes 10**


**Tema: Die Here is dié Goeie Herder**

# Aanddiens

## Ds. Brahm Robinson

**Skriflesing: Job 38–42:6**

**Tema: God regeer sy skepping in absolute wysheid!**




## *Lief en Leed:*



† **Ons is tans nie bewus van enige lief en leed nie.**

## Liefdegawes:



**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

**Vir die werk van die diakonie:**

Snapscan vir die eerste kollekte:

SnapScan

PXMP46287

Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287

**Oggend 1ste kollekte:**
Emeritaatsfonds

EFT vir kollektes:
GK Cachet diakonie
ABSA Tjekrekening
0670280012
Takkode: 632005
Verwysing:

- Emeritaatsfonds

(deponeer elke kollekte apart)

**Vir die werk van die diakonie:**

Snapscan vir tweede kollekte:

SnapScan

PVA181324

Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324

**Aand 2de kollekte:**
Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:
GK Cachet diakonie
ABSA Tjekrekening
0670280012
Takkode: 632005
Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid

(deponeer elke kollekte apart)

| Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening: | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>SnapScan<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE:

Hy maak weer los my bande, Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dade bly, die werke van sy hande. ~ Psalm 92:2b

| | | |
|---|---|---|
| 22 | April | Elmarie Borcherds |
| 22 | April | Sonet de Wet |
| 22 | April | Marco Schoeman |
| 23 | April | Christiaan Bijzet |
| 24 | April | Kayla Sampson |
| 26 | April | Mariska Jonker |
| 26 | April | JP van Staden |



# Administratief

## 1. Attestaat ontvang



- Mirendi Smuts vanaf *NG Derby*

**Attestate vertrek/oorgegaan**

- Pierre Labuschagne na *GK Witrivier*
- Lu-Mari Prinsloo na *NG Kandelaar*
- Rian Retief na *GK Strand*



## 2. Nagmaal

Ons vier 22 April nagmaal tydens die oggenddiens. Diegene wat nie lidmate is nie, maar aansoek by die kerkraad gedoen het, is welkom om saam nagmaal te gebruik.



## 3. Damesoggend

Cachet bied op 6 Mei 'n Damesoggend aan by die GS. Nicole Botha kom ons leer om te grimeer en Dr. Suzanne Kruger gaan ons inspireer! Nooi jou sussie, ma, of 'n vriendin en kom kuier saam! Registreer op die skakel wat op die WhatsApp groep uitgestuur is.


DOES GOD EXIST
WHAT ABOUT EVOLUTION WAS
DARWIN RIGHT HOW CAN A LOVING GOD
ALLOW SUFFERING AND DEATH WHAT ABOUT THE
AGE OF THE EARTH DO DATING METHODS PROVE THE
EARTH IS MILLIONS OF YEARS OLD WHO WAS CAIN'S WIFE
HOW DID NOAH FIT ALL THE ANIMALS ON THE ARK WAS THERE
REALLY A WORLD WIDE FLOOD DOES ANY REAL SCIENTIST
BELIEVE IN CREATION ARE THERE REALLY MISSING
LINKS CAN'T A DAY MEAN MILLIONS OF YEARS
WHAT ABOUT NATURAL SELECTION WHERE DID
THE RACES COME FROM WHAT ABOUT DISTANT
STARLIGHT ARE UFOS
REAL DID GOD USE
EVOLUTION WHAT ABOUT
THE SIMILARITIES BETWEEN
MONKEY AND HUMAN DNA
WHAT ABOUT THE ICE AGE WERE
ADAM AND EVE REAL PEOPLE
WHO CARES WHAT I BELIEVE
ABOUT ORIGINS DON'T
FOSSILS TAKE MANY
MILLIONS OF YEARS
TO FORM WHAT ABOUT
DINOSAURS
ARE YOU READY WITH ANSWERS?
Sunday 23 April 2023
6:00pm Genesis: Fondasie van die Evangelie
Pieter le Roux - CMI speaker
Gereformeerde Kerk Cachet
28 Hoffman Street, Potchefstroom, North West
CREATION MINISTRIES INTERNATIONAL
Creation resources available
CREATION.com
CMI-SA • PO BOX 3349 • DURBANVILLE 7551 • (021) 979 0107


Kuns- en handwerkklasse
Ontspanning en pret!
Gr. 1 - 7
R300/maand
GK Cachet - 28 Hoffmanstraat, Potchefstroom (binne NWU kampus)
Vir meer inligting, kontak Indica:
084 093 4785
strydomindica@gmail.com


Harcourts
Paul Molete
078 178 6090




**11 April 2023**

Geagte kerkraad en gemeente,

Ons neem hiermee vrymoedigheid om u meer inligting te gee rondom hierdie gereformeerde bediening, genaamd Scriptura. Ons wil egter ook met vrymoedigheid 'n versoek aan u rig.

## 1. MEER INLIGTING OOR SCRIPTURA

### Wat is Scriptura en wat is ons oogmerk?

Scriptura is 'n gereformeerde internet-bediening, wat o.a. bestaan uit 'n *blog* waar verskillende artikels van aktuele belang geplaas word. Radio Scriptura is ‘n weeklikse podsending wat poog om Skriftuurlike inhoud op ‘n interaktiewe wyse te versprei. Ons “Scriptura Publikasies-afdeling” is ook aan die groei met boekies wat gepubliseer word en hopelik in die nabye toekoms ook ander materiaal. Alles is beskikbaar op ons webblad - **www.scriptura.co.za.**

Dit is ons oogmerk om ons lesers en luisteraars te wys op die gesag van die Woord van die Here oor ons hele lewe. Ons wil ook wys hoe die Here

se Woord in die gewone handel en wandel van die lewe toegepas kan word. Ons slagspreuk is "Die hele Skrif is deur God ge-asem" en dit kom uit 2 Timotheus 3:16,17. Die teks is nie net integraal deel van Scriptura nie, maar ook ons doel en fokus: *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."*

**Wie is betrokke by Scriptura?**

Daar is verskeie Gereformeerde predikante as skrywers en aanbieders betrokke: di. Marnix Boersema (GK Graaff-Reinet), Jan-Louis Lee (GK Brits), Gerrie van Rhyn (GK Komatipoort), Jonker Venter (GK Totiusdal) en dan ook Jaco de Beer uit VGK Bellville, wat tans in die proses is om beroepbaar gestel te word as predikant in die VGK. Ons is baie dankbaar teenoor die Here, dat ons span ook uitgebrei het die afgelope paar maande. Ds. Nikolaas Pienaar (GK Oos-Londen) het as aanbieder aangesluit asook emeritus prof. Flip Buys (tans lidmaat in GK Mosselbaai) wat DV gereeld vir ons artikels wil skryf.

Terwyl die skrywers en aanbieders verantwoordelik is vir die inhoud van Scriptura, sal ons nie regkom sonder die volgende drie persone nie: Benita de Beer, Inge Jansen en Clarinda Boersema. Die drie dames is verantwoordelik vir die onderhoud van die webblad, administrasie, bemarking, video- en klankredigering, sosiale-media plasings, grafiese ontwerpe ensovoorts.

Saam is ons 'n span wat 'n geruime tyd reeds baie lekker saam werk. Scriptura is hierdie jaar alreeds ses jaar oud en ons bede is dat die Here ons die geleenthede sal gee om op hierdie manier voort te gaan en verder werk in Sy Koninkryk te doen. Dit bring ons by ons versoek wat ons aan u rig:

**2. VERSOEK VANAF SCRIPTURA**

Ons artikels en podsendings is alles gratis beskikbaar op ons webblad. Ons verkoop ons publikasies teen minimale bedrae om drukkostes te dek en ook ons fondse aan te vul. Buiten die verkope van ons publikasies is ons dus afhanklik van lesers en luisteraars se donasies.

***Ons vriendelike versoek aan u is of u asseblief sal oorweeg om 'n eenmalige of maandelikse donasie aan Scriptura te maak.***

Ons skrywers en aanbieders ontvang geen salarisse of donasies vir die inhoud of die publikasies op Scriptura nie. Enige en alle fondse wat ons genereer gaan na ons rekening wat deur die kassier van die Gereformeerde Kerk Graaff-Reinet bestuur word.

Ons finansies word juis bestuur deur die kerkraad, aangesien Scriptura nie onafhanklik van die plaaslike kerke wil funksioneer nie.

Scriptura betaal 'n maandelikse fooi aan Benita, Inge en Clarinda vir hulle werk. Ons maak dan ook gebruik van verskeie platforms en programme om ons inhoud op te neem, te ontwerp en uit te stuur soos o.a. Streamyard, Libsyn en Adobe. Ons is baie dankbaar dat daar 'n

weldoener is wat ons webblad gratis vir ons op die lug hou. Sy hulp en werk is onmisbaar.

Die fooie wat ons aan ons platforms bestee kan soms baie toeneem, aangesien die rekeninge wissel soos wat die Rand-Dollar wisselskoers verander.

As u dus baatvind by die inhoud wat ons op Scriptura vrystel, vra ons u om ons asseblief te help om die inhoud daar te hou en nuwe inhoud te skep en uit te stuur. Ons sal u hulp hierin hoog op prys stel en baie waardeer.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Graaff-Reinet
ABSA
Rekening nr: 38004741240
Tak kode: 632005
**Verwysing: Scriptura**


Byvoorbaat baie dankie,

Marnix Boersema
Namens die Scriptura span

# Ons nooi jou!

## Komende Bybelverspreiding en Uitreike






Harvesters, Biblica en vennote sal vanjaar duisende Bybels aan nuwe dissipels deur ons "Eerste Kerk, Eerste Bybel"-projek versprei, en jy word uitgenooi om by die span aan te sluit! Wat 'n wonderlike geleentheid vir jou en jul Gemeente om by Harvesters Ministries aan te sluit tydens een van ons komende Bybelverspreiding- en Uitreikgeleenthede waar jy die voorreg sal hê om iemand hul heel eerste Bybel te gee en kerke te besoek wat deur Harvesters geplant is.

Soveel vennote wat so 'n geleentheid al bygewoon het, getuig dat dit 'n lewensveranderende ervaring vir hulle was en ons glo dat jy dit ook so sal ervaar. Nie net sal jy die liefde van God met ander kan deel nie, maar jy sal ook kan beleef watter impak die Woord van God op talle mense se lewens het.

| | |
|---|---|
| **Suid-Angola :** Ondjiwa | **26 JUNIE - 8 JULIE** |
| **Zambië:** Kitwe en Solwezi | **JULIE 2023** |
| **Mosambiek:** Beira-korridor | **Gedurende 2023** |

Let asseblief daarop dat datums en plekke as gevolg van omstandighede buite ons beheer mag verander, maar ons sal jou op hoogte hou indien dit sou gebeur sodat ander reëlings getref kan word.



"I am really happy [for] my congregation because my congregation previously were suffering. The people were listening to me only. Some were just getting chapters and verses on papers, some were just getting in their minds. But today they are very appreciative for this wonderful gift which was given [of] the Bibles so that they can learn them. They can go through, read them, the Bible so that they will get more knowledge from the Bible"
– Leraar Gershom Sakuwota, Hub-leier.

Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om in jou geloof te groei, nuwe mense te leer ken en 'n blywende indruk op iemand se lewe te maak. Indien jy wil saamkom op een van hierdie Bybelplasings-geleenthede, dalk vrae wil vra, die kostes wil bespreek - of meer inligting benodig, tree gerus met ons in verbinding:

**André Jooste: 0828517505 – andreb4b@gmail.com**
**Leon Marais: 0824168144 – leonmb4b@gmail.com**

Of vul jou besonderhede hier onder in, stuur dit aan André of Leon en iemand sal jou kontak.

Harvesters
MINISTRIES

Wees deel daarvan om 'n kerk te plant, 'n leraar op te lei en 'n boks Bybels te voorsien. Jou ruimhartige bydrae van R4 000 kan dit alles moontlik maak.

Gee vandag. **'n Boks Bybels verander 'n gemeenskap!**

Bankbesonderhede
Harvesters Ministries, ABSA Bank
Westgate (Takkode: 632005),
Rekeningnommer: 4075041297

OF Gee AANLYN
www.harvestersministries.com

OF skandeer hieronder om te gee ...

zapper SnapScan

Snap here to pay

# Kontak my asseblief

Naam: ____________________________________________

Van: ____________________________________________

Geboortedatum: ____________________________________________

Telefoonnommer: ____________________________________________

Epos adres: ____________________________________________

Kerk: ____________________________________________

Gemeente: ____________________________________________

Dorp/Stad: ____________________________________________

☐ Ek stel belang om saam te gaan na ______________________

Harvesters
MINISTRIES
Opening the Way


DINK OF SINK
DEBATSKOMPETISIE
Dink of Sink- interne
universiteitsdebatkompetisie 2023
Noordwes-Universiteit
Datum: 20 Mei 2023
Tyd: 10:00
Plek:
Gereformeerde Kerk Cachet (Hoffmanstraat 28, Potchefstroom)
Skryf aanlyn in by Inskrywingsvorm | Dink of Sink.
AfriForum

# Rig die oë van jou hart op God





## Hoe glo jy wat nie kan sien nie?

Ons geloof is 'n vaste vertroue op dit wat ons hoop en 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Lees oor geloof en hoe God Homself aan ons bekend maak.




## Sien jy Christus as die Seun van God raak?

In Markus 9 besef die dissipels nog nie dat Christus waarlik die Seun van God is nie. Lees hier hoe God ons oë oopmaak, en ons ook daarvoor moet vra.




**Fokus op die pad van die regverdige**

Die Here leer ons hoe om die pad van wysheid te stap – ons moet let op ons harte, monde, oë en voete. Lees hier wat ons in Spreuke 4 leer oor hoe om die regte pad te stap.




**Sien en verstaan die waarheid van die Bybel**

Voel jy soms dat die Bybel onduidelik is? In hierdie artikel gee *Kruispad* praktiese raad wat jou sal help om die Bybel beter te verstaan.